3. Bedieningsalternatiewe

Die doel van hierdie hoofstuk: ‘n Skriftelike uiteensetting van die beplanning van ‘n gemeente se aktiwiteite oor die korttermyn, wat deur ‘n finansiële uiteensetting, ondersteun word, is nodig om die Kerkraad en gemeente tot doelgerigte optrede te verbind. Dit geld veral vir kerke wat in kombinasie funksioneer of geleenthede raaksien om ander kerke te help. Hierdie beplanning en skriftelike uiteensetting word ‘n bedieningsalternatief genoem. Hieronder word die aard en struktuur van bedieningsalternatief verduidelik. Eers moet die konsep van die bedieningsalternatief ontwikkel word en daarna moet die aksie beskryf en gekommunikeer word (Handelinge 2006:333-334; 2009:297-298).

3.1 Bedieningsalternatiewe

3.1.1 Noodsaak van bedieningsalternatiewe

3.1.1.1 Skriftuurlike opdrag

Matt 28:19: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle…”. Daar kan nog baie ander aanhalings uit die Skrif gegee word.
Ons opdrag is: Dra die Evangelie uit!

3.1.1.2 Tekort aan predikante

Tans ervaar ons binne die GKSA ‘n tekort aan predikante. Vir die afsienbare toekoms lyk dit nie of hierdie tekort uitgewis gaan word nie. Daarom is dit nodig dat, ter wille van bediening, daadwerklik aan alternatiewe aandag gegee moet word.

3.1.1.3 Uitbreiding van die kerk

Dit is van groot belang dat ons kerke moet groei – nie net in sekere gebiede nie – maar in elke gemeente.

3.1.1.4 Reglement GKSA Sustentasiefonds, pt 3.2

Finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het.

3.1.2 Nuwe bedieningsalternatiewe

Hierdie is alleen maar ‘n paar voorbeelde wat by kerke en Klassisse aanbeveel word. Baie van die voorbeelde is reeds in werking. Daar is ander moontlikhede wat nie hier bespreek word nie, wat reeds in die praktyk geïmplementeer word.

3.1.2.1 Finansiële ooreenkomste

Drie tot vier finansieel sterker kerke staan ‘n kleiner kerk by sodat die Woord steeds bedien kan word.

3.1.2.2 Kombinasies

Om die huidige predikante se dienste optimaal te benut, kan kombinasies oorweeg word. Sodoende kan sonder sustentasie wel bediening in die kleiner kerke plaasvind.

3.1.2.3 Bedieningsooreenkomste

Elke gemeente behou sy selfstandigheid – ‘n kleiner gemeente ontvang bediening wat deur ‘n groter en finansieel sterker gemeente gebied word.

3.1.2.4 Multikulturele bediening

In die stedelik tradisioneel Blankegebiede kan daar uitgereik word deur eredienste in Engels en/of ander Afrikatale te voorsien.

3.1.2.5 “Makro”-platteland"

‘n Sterk plattelandse kerk bedien die omliggende kleiner kerke.

3.1.2.6 *“Makro”-stedelik"*

Drie of vier kerke binne ‘n stedelike opset vorm saam ‘n makro-gemeente met groter dinamika.

3.1.2.7 Verdubbeling

Binne die plaaslike kerk behoort daar evangelisering plaasvind. Sou elke huisgesin ‘n ander huisgesin kerk toe bring (wat nie aan ‘n kerk behoort nie) en slegs 10% van die huisgesinne word per jaar deur evangelisering lidmate – dan verdubbel so ‘n gemeente se getalle binne 7 jaar.

3.1.2.8 Uitreik

Baie kerke het pragtige uitreikingsprogramme. Uitreik behoort eerstens in die plaaslike gemeenskap ontwikkel te word. Reik uit na die mense rondom jou.

3.2 Afstigting van ‘n gemeente

Indien daar ‘n behoefte ontstaan aan die stigting van ‘n bykomende kerk, word daar by die Klassis daarom aansoek gedoen by wyse van ‘n “konsepakte van afstigting”. Die inisiatief daartoe kan uitgaan van ‘n bestaande kerk(e), of ook van ‘n aantal lidmate wat as selfstandige kerk geïnstitueer wil word. In laasgenoemde geval sal so ‘n aansoek eers deur die plaaslike Kerkraad bewillig moet word (KO, art 38).

Die Klassis beoordeel die sake wat in die akte van afstigting voorgelê word. Indien die noodsaaklikheid vir en die lewensvatbaarheid van so ‘n nuwe kerk uitgemaak is, stel die Klassis die grense daarvan vas en wys ‘n konsulent vir die nuwe kerk aan, asook ‘n *classis contracta* vir die afstigting.

Die fisiese afstigting en alle reëlings in verband daarmee, vind plaas onder leiding van die Kerkraad van die kerk waarvan afgestig word. Die afstigtingsvergadering is ‘n vergadering van die Kerkraad(e) met gemeente(s), saam met die afgevaardigdes van die twee kerke wat deel van die *classis contracta* vorm; tydens hierdie vergadering word die afstigting formeel afgehandel.

Die volgende moet met die oog op/in die afstigtingsvergadering gereël word:

- Die opstel van ‘n akte van afstigting ooreenkomstig die besluite van die Klassis, in drievoud (een vir elke betrokke kerk en een vir die Klassis). In hierdie akte word die datum van afstigting, lidmaatgetalle (doop- en belydende lidmate), naam van die nuwe kerk, aantal wyke, grense, posisie van predikant(e) opgeneem.
- Alfabetiese naamlys van doop- en belydende lidmate wat nie onder tug is, met ‘n aparte naamlys van lidmate wat wel onder tug is (geen attestasies word afgegee aan lidmate van die nuwe kerk nie).
- Reëlings vir bediening van Woord en sakramente (wat tyd en plek van eredienste insluit).
- Reëlings vir kategetiese onderrig.
- Die voorlees van die afstigtingsakte.
- Voorlees van name van stemgeregtigde belydende lidmate met die oog op verkiesing van ampsdraers (vir tydsbesparing stel naamlys skriftelik beskikbaar).
- Vrae en antwoorde, indien daar onduidelikhede is.
- Formele voorstel tot afstigting en goedkeuring daarvan.
- Verkiesing van bykomende ouderlinge en diakens, indien nodig.
- Bevestiging van ouderlinge en diakens.
- Bevestiging van predikant, indien van toepassing.
- Ondertekening van afstigtingsakte deur verteenwoordigers van alle betrokke kerke (insluitende afgevaardigdes van naburige kerke wat saam die *classis contracta* vorm).

Die Kerkraad van die afstigtende kerk is verantwoordelik om ‘n afskrif van die afstigtingsakte aan die Klassis, te besorg.
Ná die vergadering word ‘n erediens gehou, waartydens die bevestiging van ampsdraers en die ondertekening van die toepaslike Formuliere plaasvind. Hierna

moet daar ‘n vergadering gehou word met die nuwe Kerkraad met diakens onder leiding van die aangewese konsulent, waar die volgende sake behandel moet word:

- Aanwys van funksionarisse (skribas, kassier vir Kerkraad en diakens).
- Verkiesing van voorsitter van diakens (deur die diakens).
- Aanwys van noodsaaklike kommissies.
- Aankoop van notuleboeke, kasboek(e) en ander skryfbehoeftes en benodigdhede.
- Opstel van lidmaatregisters (doop- en belydende lidmate).
- Afdra en kontrole van kerklike bydrae deur lidmate.
- Opening van bankrekening en magtiging van ondertekening van tjeks (elektroniese goedkeuring).
- Versorging van eiendomme.
- Bewaring van dokumente.
- Werksaamhede van susters en jeug.
- Opstel van jaarprogram van Kerkraad en gemeente.
- Vergoeding van konsulent.
- Volgende vergadering(s).

3.3 Kombinasies en Aktes

Wanneer ‘n gemeente nie finansieel in staat is om alleen ‘n predikant te versorg nie, versoek hy een of meer ander naburige gemeentes om met hom in kombinasie te tree, sodat hulle gesamentlik ‘n predikant kan bekom. Soms word ‘n kombinasie ook gevorm deur ‘n paar gemeentes om gesamentlik ‘n predikant te beroep vir sending en/of evangelisasie.

3.3.1 Akte – Kombinasievorming

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Besluit tot kombinasie

1.1 Die Gereformeerde Kerke A en B het op ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering van …… 20... besluit dat ooreengekom word om te kombineer met die oog op die gesamentlike beroeping van ‘n leraar vir bediening in beide die genoemde gemeentes.

1.2 ‘n Gekombineerde Kerkraadsvergadering is op …….. 20... gehou waartydens hierdie akte, nadat dit op die vergadering van die Klassis …… van …… 20... vir advies gedien het, goedgekeur is.

2. Doel van kombinasie

2.1 Die doel van die kombinasie is om die bediening gelykelik in stand te hou.

2.2 Waar nodig sal sekere bedieningsfasette, aksies en/of aktiwiteite gesamentlik gedoen word soos in bylae A oor samewerking nader toegelig word.

3. Rakende : Beroeping

Beroeping vind gesamentlik plaas soos in bylae B uiteengesit.

4. Rakende : Bedienaar van die Woord

Met betrekking tot die bedienaar van die Woord word die volgende, afgesien van en in aansluiting by die byvoegsel tot die beroepsbrief (bylae C), gestipuleer:

4.1 Bediening

Bediening vind afsonderlik en gesamentlik (om duplisering uit te skakel) plaas soos deur die leraar in samewerking met die kerkrade gereël word.

4.2 Finansiële versorging

4.2.1 Versorging vind gesamentlik plaas soos deur die kerkrade jaarliks met ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering hierin ooreengekom word.

4.2.2 Die traktementsuitkering vind na finale berekeninge maandeliks plaas by wyse van ‘n pro-rata oorbetaling deur elke Kerkraad in ‘n rekening van die gekombineerde Kerkraad.

4.3 Woning

4.3.1 Vir ‘n periode van drie (3) jaar, of sodanige langer tydperk soos deur die gekombineerde Kerkraadsvergadering besluit word, word aan die leraar die keuse gegee om die pastorie te A of B te bewoon met dien verstande dat op die langer termyn aan ‘n behuisingstoelae aandag gegee kan word ten einde die leraar in staat te stel om eie huisvestiging te bekom.

4.3.2 In die geval van die pastoriewoning onderneem die kerkrade om gesamentlik standaarduitgawes te bekom.

4.3.3 Die verblyfkoste verbonde aan bewoning van die pastorie word bereken soos deur die gekombineerde Kerkraad ooreengekom.

4.3.4 In die geval van ‘n behuisingstoelae maak die kerkrade gesamentlik daarvoor voorsiening ten einde die leraar in staat te stel om eie huisvesting te bekom. In hierdie geval onderneem die kerkrade ook gesamentlik om standaarduitgawes (soos belasting, water, ligte) te betaal soos vir die geval van ‘n pastoriewoning.

4.3.5 Die kerkrade besluit afsonderlik ten opsigte van byvoorbeeld verhuring, instandhouding, ens., van bestaande pastorieë.

4.4 Verbondenheid aan kerkrade

4.4.1 Die leraar is gelykelik aan beide gemeentes verbonde (vgl. ook dat die attestaat gelykelik met bevestiging afgekondig word – bylae B oor beroeping, punt 2.8).

4.4.2 Die leraar is geregtig op die gebruik van die sakramente in beide gemeentes.

4.4.3 Die leraar het keurstem op albei kerkrade se vergaderings.

4.4.4 Die leraar word om die beurt na meerdere vergaderings, in hierdie geval klassikale vergaderings, afgevaardig (Acta 1958:13).

4.4.5 Buitengewone gekombineerde Kerkraadsvergaderings word gehou wanneer die leraar (of enige van die twee kerkrade) dit nodig ag, maar minstens 2 maal per jaar.

4.4.6 Alle sake wat die persoon of amp van die leraar raak (KO, artt 11, 12, 13, 14 en veral in die geval van moontlike tughandeling kragtens KO, artt 79, 80) word alleen op ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering behandel. Indien by een van die kerkrade ‘n klag gelê word, moet onmiddellik met die ander Kerkraad in verbinding getree word om gekombineerd te behandel.

5. Rakende : Gemeentes en Kerkraadsvergaderings

Die gemeentes A en B en daarmee saam die kerkrade, bly selfstandig voortbestaan. Sake wat die gemeentes afsonderlik raak, word tydens afsonderlike Kerkraadsvergaderings hanteer.

6. Rakende : Gekombineerde Kerkraadsvergaderings

6.1 ‘n Gekombineerde Kerkraadsvergadering bestaan uit al die Kerkraadslede van die betrokke gemeentes of uit ‘n gelyke aantal deputate van elke gemeente. Alle besluite word geneem met instemming van kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie. Ingeval van verskil wat nie bygelê kan word nie, word die advies van die Klassis ingeroep.

6.2 Gekombineerde Kerkraadsvergaderings word:

6.2.1 Jaarliks gehou vir sake wat kerkrade en gemeentes gesamentlik raak, byvoorbeeld: versorging van leraar, finansiële begroting, aspekte wat bediening en samewerking raak, ens.

6.2.2 ‘n Gekombineerde Kerkraadsvergadering word gehou wanneer een van die kerkrade daarom vra (of wanneer die leraar dit nodig ag).

6.3 ‘n Staande kommissie word deur die betrokke kerkrade benoem en aangestel om sake te moniteer en hetsy aanbevelings aan die kerkrade te maak of die gekombineerde Kerkraad van advies te bedien rakende bedieningsaangeleenthede.

7. Rakende : Finansiële aspekte

7.1 Elke Kerkraad hanteer sy eie finansies en behou sy eie kassier.

7.2 Die kerkrade se aanvaarding van finansiële verantwoordelikhede word jaarliks (Oktober) en *pro rata*, volgens die aantal belydende lidmate, bereken met inbegrip van die verhuring van die pastorie.

7.3 Enige ander gevalle waar versoek word om mekaar op ‘n ander basis finansieel by te staan of tegemoet te kom, word op ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering besluit.

8. Rakende : Wysiging van bepalings van hierdie Akte

Wysiging van die stipulasie van hierdie Akte kan van tyd tot tyd na die eis van omstandighede deur ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering met advies van die Klassis gemaak word.

9. Rakende : Beëindiging van hierdie kombinasie

9.1 Hierdie kombinasie mag slegs met:
instemming van die betrokke gemeentes;
die Klassis, en
met een (1) jaar kennisgewing beëindig word of soos anders bepaal.

9.2 Die besluit van watter gemeente die leraar met beëindiging van hierdie kombinasie verbonde bly, geskied op advies van die Klassis (ook om hierdie rede die stipulasie van een [1] jaar kennisgewing). Ingeval die predikant beroep word, moet gespesifiseer word hoe die saak hanteer word.

……..	……
(Gemeente se naam)	(Gemeente se naam)
……	……
Oudl.xxxxx	Oudl. xxxxxxx
……	……
Oudl.xxxxx	Oudl. xxxxxxx

……
Konsulent

Bylae A
Rakende samewerking

1. Doel van kombinasie

Om die bediening van die gemeentes gelykelik in stand te hou en waar nodig saam te werk.

2. Samewerking tussen ……. en …….

…… en …… werk in kombinasie saam rakende die volgende sake wat hulle gesamentlik en moontlik gesamentlik raak:

2.1 ***Gesamentlike versorging van die*** leraar vir sover dit sake raak soos: traktement, reiskoste vir doelmatige voertuig, behuisingstoelaag en betaling van dienste rakende eie woning, verlofreëlings en voorwaardes daaraan verbonde.

2.2 Die betrokke kerkrade (gemeentes) werk saam rakende ***gesamentlike bedieningaspekte*** wat die volgende kan behels:

2.2.1 om jaarliks die eredienste (tye) by die onderskeie gemeentes te alterneer;

2.2.2 om moontlik saam eredienste gedurende skoolvakansies te hou;

2.2.3 om moontlik bedieningsaspekte rakende byvoorbeeld katkisasie, bejaardes, jeug, ens., te kombineer ten einde duplisering te voorkom;

2.2.4 moontlike en verdere koördinering tussen ander aksies en aktiwiteite wat gereël word;

2.2.5 die daarstel van 'n gesamentlike kommissie tussen die twee kerkrade om aanbevelings oor bedieningsaspekte en ander sake te maak wat die bedieningskommissie raak.

3. Samewerking: …… en ……

3.1 Met inagneming van ***gesamentlike*** vergaderings tussen kommissies van …….. en ……, word met die voorstelle oor samewerking tussen hierdie gemeentes rekening gehou.

3.2 Die kerkrade en kombinasie tussen …… en …….. gee verdere aandag aan die besluit van ……. wat by die onderskeie kerkrade aanbeveel is (Notule…….), naamlik om ***samewerking*** op die reeds ***geïdentifiseerde terreine*** (en verdere terreine wat geïdentifiseer word) verder te ondersoek en te beskryf:

3.2.1 Jeug (laerskool en hoërskool).

3.2.2 Katkisasie op die vlak van die voor- en Belydenisklas.

3.2.3 Bejaardebyeenkomste.

3.2.4 Evangelisasie.

3.2.5 Samewerking (gemeente).

3.2.6 Eredienste in vakansies, Christelike feesdae en aanddienste.

3.2.7 Diakonieë.

3.2.8 Bybelstudies.

3.2.9 Fondsinsamelingsaksies en gemeentelike funksies gerig op die onderlinge meelewing.

3.2.10 Grensreëlings – waar wyke van ……. deur …… bedien word.

3.2.11 Siekte- en bejaardebesoeke.

3.2.12 Deel van Nuusbriewe.

3.2.13 Gesamentlike kerkkantoor.

3.3 Die kerkrade van …….. en ……. behou ***kommissies wat benoem is*** ten einde verder met mekaar oor samewerking gesprek te voer en uitvoering aan die aanbevelings van ……. te gee.

…….. ……
(gemeente se naam) (gemeente se naam)

…… ……
Oudl.xxxxx Oudl. xxxxxxx

3.3.2 <u>Akte van bedieningsooreenkomste (finansiële samewerkingsooreenkoms) aangegaan deur GK A, GK B, GK C</u>

(Die Akte se numering word gebruik)

1. <u>Doel van die bedieningsooreenkoms</u>

Die doel van die bedieningsooreenkoms is om die bediening in die Gereformeerde Kerke A, B en C gelykelik in stand te hou en om die predikant eervol te versorg.

2. Besluit tot bedieningsooreenkoms

2.1 **Die saak het op die Klassis gedien**

Tydens die vergadering van Klassis DD, gehou op ..... 20... is daar goedkeuring gegee om voort te gaan om 'n bedieningsooreenkoms te sluit ter wille van die bediening in GK C.

2.2 **Die afgevaardigdes van die meewerkende gemeentes se besluite**

Afgevaardigdes van die meewerkende Gereformeerde gemeentes van Klassis DD het op ..... 20.... te GK XX vergader en besluit om, na goedkeuring van hul kerkrade, 'n finansiële-samewerkingsooreenkoms (FSO) te sluit vir die traktering van Ds ZZZ.

2.3 **Die drie gemeentes se besluite**

2.3.1 Die Gereformeerde Kerke A, B en C het op 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering van ..... besluit dat ooreengekom word om in 'n bedieningsooreenkoms met mekaar te gaan met die oog op die gesamentlike bediening deur Ds ZZZ.

2.3.2 Die drie gemeentes het ook besluit om elk hul deel te gee en deel te vorm van die FSO wat die versorging van die predikant sal hanteer.

2.3.3 Met hierdie nuwe ooreenkoms verval die vorige bedieningsooreenkoms tussen GK A en B.

2.4 **Die gesamentlike begroting vir traktering**

Die drie gemeentes het 'n begroting vir traktering van Ds ZZZ goedgekeur wat vanaf ..... 20.. begin. Die begroting gaan dien op die FSO.

3. Rakende : Bedienaar van die Woord

3.1 **Verantwoordelikhede**

Met betrekking tot die bedienaar van die Woord word die volgende, afgesien van en in aansluiting by die beroepsbrief gestipuleer: Dat Ds ZZZ dieselfde verantwoordelikhede het ten opsigte van GK A en GK C.

3.2 **Woordbediening**

Bediening vind afsonderlik en gesamentlik plaas soos deur die predikant in samewerking met die kerkrade gereël word. 'n Bedieningsplan moet gemaak word om die Woordbediening en uitbreiding van God se koninkryk die beste te dien.

4. Finansiële versorging van die predikant

4.1 Versorging vind gesamentlik plaas deur die kerkrade soos genoem in 1.2 (van Akte) wat in 'n finansiële-samewerkings-ooreenkoms (FSO) is. Die trakteringspakket word jaarliks hersien by so 'n vergadering in Februarie, verkieslik voor die einde van belastingjaar en voor die Maart Klassis. Dit sluit in medies, vervoer en pensioen.

4.2 Die traktementsuitkering vind na finale berekeninge maandeliks plaas by wyse van 'n pro-rata oorbetaling deur die kassier van GK XXX in 'n rekening van die predikant.

5. Woning

5.1 Die predikant bly aan in die pastorie van GK A. Die Kerkraad van GK A bly verantwoordelik vir die instandhouding en versekering van die pastorie, maar kan by die FSO hulp vra.

5.2 Die meewerkende gemeentes in die FSO aanvaar gesamentlike verantwoordelikheid, as deel van die predikant se versorging, vir die munisipale rekening en die telefoonuitgawes tot op 'n bedrag soos deur die vergadering bepaal.

6. Verbondenheid aan kerkrade

6.1 Die predikant is gelykelik aan die drie gemeentes GK A, GK B en GK C verbonde.

6.1 Die predikant is geregtig op die gebruik van die sakramente in al drie gemeentes.

6.3 Die predikant het keurstem op al drie kerkrade se vergaderings.

6.2 Die predikant word om die beurt na meerdere vergaderings, in hierdie geval klassikale vergaderings, afgevaardig (Acta 1958:13).

6.3 Buitengewone gekombineerde Kerkraadsvergaderings word gehou wanneer die predikant (of enige van die drie kerkrade) dit nodig ag, maar minstens 1 maal per jaar.

6.4 Alle sake wat die persoon of amp van die predikant raak (KO, artt 11, 12, 13, 14 en veral in die geval van moontlike tughandeling kragtens KO, artt 79, 80) word alleen op ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering behandel. Indien by een van die kerkrade ‘n klag gelê word, moet onmiddellik met die ander kerkrade in verbinding getree word om gekombineerd te behandel.

7. <u>Rakende : Gemeentes en Kerkraadsvergaderings</u>

Die gemeentes A, B en C, en daarmee saam die kerkrade, bly selfstandig voortbestaan. Sake wat die gemeentes afsonderlik raak, word tydens afsonderlike Kerkraadsvergaderings hanteer.

8. <u>Rakende : Gesamentlike Kerkraadsvergaderings</u>

8.1 Gesamentlike Kerkraadsvergadering bestaan uit al die Kerkraadslede van die betrokke drie gemeentes of uit ‘n gelyke aantal deputate van elke gemeente.

8.2 Alle besluite word geneem met instemming van kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie. Ingeval van verskil wat nie bygelê kan word nie, word die advies van die Klassis ingeroep.

8.3 Gesamentlike Kerkraadsvergaderings word jaarliks gehou vir sake wat kerkrade en gemeentes gesamentlik raak, byvoorbeeld aspekte wat bediening en samewerking raak soos vervat in die bedieningsplan asook die predikant se verlofreëlings.

8.4 ‘n Gesamentlike Kerkraadsvergadering word gehou wanneer een van die kerkrade daarom vra (of wanneer die predikant dit nodig ag).

9. <u>Rakende : Finansiële aspekte</u>

9.1 Elke Kerkraad hanteer sy eie finansies en behou sy eie boekhoustelsel en kassier en bly verantwoordelik vir alle uitgawes soos instandhouding van kerkgeboue, ramings, versekering op geboue, munisipale rekeninge, ens.

9.2 Die begroting rakende die versorging van die predikant en ander finansiële sake van belang word op die (FSO) finansiële samewerkingsvergadering wat bestaan uit twee afgevaardigdes van elk van die meewerkende gemeentes, jaarliks opgestel.

9.3 Al die meewerkende kerke moet jaarliks by hul November Kerkraadsvergaderings ‘n besluit neem vir ‘n maandelikse bedrag waartoe hulle hul finansieel verbind vir die volgende finansiële jaar.

9.4 Die besluit moet deurgegee word aan die skriba van XXX om ‘n begroting op te stel wat by die FSO-vergadering dien.

9.5 Indien ‘n gemeente om welke rede haar bydrae moet verminder of nie meer met die finansiële samewerkingsooreenkoms (FSO) kan voortgaan nie, moet die besluit van die Kerkraad minstens drie maande voor die Februarievergadering deurgegee word aan die skriba van XXX.

10. <u>Rakende : Wysiging van bepalings van hierdie Akte</u>

Wysiging van die stipulasie van hierdie Akte kan van tyd tot tyd na die eis van omstandighede deur ‘n gekombineerde Kerkraadsvergadering met advies van die Klassis gemaak word.

11. <u>Rakende : Beëindiging van hierdie bedieningsooreenkoms</u>

Hierdie bedieningsooreenkoms mag slegs met:

11.1 instemming van die betrokke gemeentes

11.2 die Klassis, en

11.3 met een (1) jaar kennisgewing beëindig word of soos anders bepaal.

11.4 Met beëindiging van hierdie ooreenkoms verbonde op advies van die Klassis bly ds ZZZ predikant van GK C.

11.5 By die aanvaarding van ‘n beroep word die ooreenkoms outomaties beëindig by datum van losmaking.

12. <u>Die sluiting van die bedieningsooreenkoms</u>

Tydens die gekombineerde Kerkraadsvergadering van GK A, GK B en GK C, op ..... 20... te GK WWWW, is hierdie akte deur die volgende verteenwoordigers onderteken:

12.1 twee ouderlinge van elke gemeente
12.2 die konsulent wat die vergadering gelei het, asook
12.3 Ds ZZZ wat hom daarmee tot hierdie besluit en reëlings bereidwillig verklaar het.

<u>GK A</u>	<u>GK B</u>
Oudl. _____	Oudl. _____
Oudl. _____	Oudl. _____
GK C	Ds ZZZZ (Predikant)
Oudl. _____	_____
Oudl. _____	Ds SSSSSS (Konsulent)

3.4 <u>Akte van Eenwording (Samesmelting)</u>

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Besluit

Na deeglike raadpleging en onderlinge samewerking deur die twee gemeentes, het die Gereformeerde Kerk ……en Gereformeerde Kerk …….. onderskeidelik op …….. 20.. besluit om saam te smelt tot een nuwe Gereformeerde Kerk binne die kerkverband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Op onderskeidelik ……. 20.. het die kerkrade die Akte van Eenwording goedgekeur vir voorlegging aan die *Classis Contracta* wat op …….. 20.. vergader.

2. Datum van eenwording

Die datum van eenwording is ……. 20..

3. Naam

Die naam van die nuwe gemeente sal wees Gereformeerde Kerk ……..

4. Klassis

Die Gereformeerde Kerk …….. sal onder Klassis …… ressorteer.

5. Beginsel

Die beginsel van kontinuïteit word gevolg met die proses van samesmelting, tot tyd en wyl die nuwe gesamentlike Kerkraad ‘n nuwe bedieningstruktuur goedgekeur het.

6. Grense

Die eenwording raak geen lidmate van buurgemeentes nie. Behalwe vir die grense tussen die twee betrokke gemeentes, wat reeds verval het, word alle grense van die twee gemeentes met hulle buurgemeente ( ) gehandhaaf as grense van die Gereformeerde Kerk……. met sy buurgemeente.

> “Die bediening hoort by die kerkrade tuis wat die mense versorg (Art 30 KO) en die gelowiges dra self ook verantwoordelikheid van keuse van ‘n gemeente waar hy hom voeg (NGB, art 28) om ten beste saam te leef

en bedien te word" (Dr B Spoelstra – Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering:239).

Die Gereformeerde Kerk ……. sal so spoedig moontlik na konstituering aandag gee aan versoeke van lidmate uit die samesmeltende gemeentes wat eerder lidmate by 'n naburige gemeente wil wees en attesteer soos benodig.

7. Eiendomme

Alle vaste en roerende eiendom sowel as alle bates, laste en verantwoordelikhede van die Gereformeerde Kerk …… en Gereformeerde Kerk …….. word na eenwording op …….. 20.. die eiendom, bates, laste en verantwoordelikhede van die nuwe Gereformeerde Kerk ……..

Die geboue kompleks van die Gereformeerde Kerk ……., geleë te ……, sal as kerkgebou, gemeentesentrum en jeugsentrum dien vir die nuwe Gereformeerde Kerk ……...

Die kerkgebou en pastorie van die Gereformeerde Kerk …… word te verkoop bemark.

8. Diakens en Ouderlinge

Alle diakens en ouderlinge van die Gereformeerde Kerke soos op …… 20.. bly aan as diakens en ouderlinge van die Gereformeerde Kerk ……., behalwe diegene wat om ontslag gevra het.

9. Predikante

Beide die predikante van die samesmeltende kerke bly verbonde aan die nuwe Gereformeerde Kerk ……. en sal steeds alles doen wat 'n herder en leraar betaam en omskrywe is in hulle onderskeie oorspronklike beroepsbriewe.

Hoewel ds …….. en ds ……. predikante sal wees van die Gereformeerde Kerk …….. en alle lidmate dus aan hulle sorg opgedra word, is dit wenslik dat die helfte van die gemeente se lidmate aan elk van die predikante toegewys word. Hierdie reëling geld ter wille van kontinuïteit tot tyd en wyl die nuwe Kerkraad die nuwe beoogde "gemeente- en bedieningstruktuur" gefinaliseer het.

10. Versorging van die predikante

Die twee predikante sal in terme van die artikels van die Kerkorde en Sinodale besluite versorg word met inagneming van hulle oorspronklike beroepsbriewe soos van tyd tot tyd deur die onderskeie kerkrade gewysig tot op dag van eenwording.

11. Versorging van emeriti

Emerituspredikant ds/di …… nou emeriti van die Gereformeerde Kerk ……. en …… sal as sodanig versorg word.

12. Heilbede

Dit is die innige en opregte bede van die kerkrade en gemeentes …….. en …… dat hierdie eenwording alleen TOT EER VAN GOD sal wees.

Dit was vanuit die staanspoor die bedoeling "***om die bediening van God se Woord meer effektief tot sy reg te laat kom".***

13. Goedkeuring

Hierdie akte, tesame met relevante dokumentasie, word voorgelê aan Klassis ……. (waarby die Gereformeerde Kerk …….. inskakel) om dit tydens 'n *Classis Contracta* op …… 20.. goed te keur.

ALDUS ONDERTEKEN OP …… 20..

Voorsitter en konsulent: …… .....

Afgevaardigdes van: ……

……

Afgevaardigdes van: ……

.....……

3.5 Akte van Ontbinding

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Doel van die Akte

Die Gereformeerde Kerk ..... dui hiermee aan dat die kerk op die wyse soos hieronder genoem, gaan ontbind.

2. Redes vir die Akte

2.1 Die gemeente se getalle het gedaal tot ..... belydende lidmate en ..... dooplidmate, met geen teken van getallegroei vir die toekoms nie.

2.2 Bedieningsnood in terme van Woordbediening.

2.3 Agteruitgang van ..... (dorp, veral skool) veroorsaak dat lidmate meer op ..... (dorp) is, en dat sommige gesinne 'n geruime tyd reeds by hierdie of ander gemeentes inskakel (bv. vir katkisasie en eredienste).

2.4 Probleme om die basiese verantwoordelikheid binne Klassis ..... te kan vervul (soos bywoning van vergaderings).

2.5 'n Meer sinvolle bedieningsversorging kan gereël word met die Gereformeerde Kerk ..... Verswakking van infrastruktuur (paaie) veroorsaak dat 'n soortgelyke reëling nie op hierdie stadium sinvol is met die Gereformeerde Kerk ....., nie

2.6 Geografiese verskuiwings die afgelope paar jaar, het veroorsaak dat enkele gesinne nader is aan ander gemeentes, en dit vir hulle dus makliker is om by die gemeentes in te skakel. Die enkele gesinne het met medewete van die Klassis hulle reeds gevoeg by die Gereformeerde Kerk ..... Ander gesinne sal hulle ook eerder wil voeg by die Gereformeerde Kerk .....

3. Instemming tot ontbinding

Die Kerkraad en gemeente kom tot die ontbinding van die Gereformeerde Kerk ..... alleen na 'n worstelende oorweging waarin Kerkraad en gemeente voortdurend in gesprek was en waarin die oorgrote meerderheid lidmate hul instemming met die proses gegee het.

4. Oorname van bedieningsterrein

Na oorlegpleging en samesprekings het die Gereformeerde Kerk ..... aangedui dat hulle die verantwoordelikheid vir die gebied wat tot nou toe deur die Gereformeerde Kerk ..... behartig is, met die ontbinding van die Gereformeerde Kerk ..... sal oorneem.

(Daar moet ook ‘n notule-uittreksel van laasgenoemde gemeente se Kerkraadsvergadering oor die saak by die korrespondensie ingesluit wees, naamlik dat hulle bereid is om die lidmate, predikant, en/of emeritusverpligtinge, asook bates en laste oor te neem. Hoe daar met die bates en laste gehandel word, moet vooraf deur die Klassis aan die “oornemer(s)” se Kerkraad(e) as ‘n voorstel gekommunikeer word.)

5. <u>Lidmate</u>

Die lidmate van Gereformeerde Kerk ..... skakel na ontbinding by die verskeie Gereformeerde Kerke in. Die Kerkraad voorsien attestate aan lidmate en advies insake inskakeling by ander Gereformeerde Kerke.

6. <u>Ouderlinge en Diakens</u>

Die dienswerk van die ouderlinge en diakens van Gereformeerde Kerk ..... kom tot ‘n einde met die ontbinding van die gemeente.

7. <u>Predikant / Emeritus en sy gesin se versorging</u>

Ds ..... is nog aan die gemeente verbonde. Die Kerkraad het van tyd tot tyd bygedra tot die eervolle versorging van ds. .....

Die lidmate van die Gereformeerde Kerk ..... voel hulle steeds verantwoordelik vir ds. ..... en sy gesin, en wil daarom ook na die ontbinding van die gemeente vir ds. ..... en sy gesin voorsiening maak.
(Meld ook die huidige emerituspredikant, indien van toepassing.)

7.1 Riglyne vir die bestuur van die geld

7.1.1 Met die ontbinding van die gemeente betaal die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk ..... alle geld en beleggings van die gemeente oor aan die Gereformeerde Kerk ..... wat op gelyke basis (‘n Rand van en ‘n Rand) ds. ..... en sy gesin versorg.

7.1.2 Die bestuur van hierdie geld sal ook geskied met in agneming van die bestuursbeginsels van die emeritaatsversorgingstrust (veral punt 9 van die aangehegte dokument).

7.1.3 Die rente van hierdie belegging mag net aangewend word binne die stipulasies van hierdie akte en nie vir enige ander doel nie. Die Kerkraad moet die geld bewaar en nie vir enige ander doel of projek aanwend nie.

7.1.4 Aansoeke vir die versorging van predikant en sy gesin kan by die Kerkraad van ..... ingedien word, deur die predikant self of enige lid van die gesin of familie.

7.1.5 Indien die gelde nie meer vir hierdie doel gebruik kan word nie, moet die Kerkraad van ..... enige oorblywende fondse gebruik vir Woordbediening.

7.1.6 Die oudit van hierdie gelde kan geskied saam met die res van die fondse onder die Kerkraad van ..... se bestuur.

7.1.7 Die Kerkraad kan dit oorweeg om kerke en / of vergaderings, en/ of die bestuur van die Emeritaatsversorgingstrust, in kennis te stel van enige allokasie uit hierdie geld, indien hulle oordeel dat dit nodig is, om enige onnodige duplisering van allokasies te voorkom.

7.1.8 Individue en enige ander partye kan ook van tyd-tot-tyd nog tot die geld vir die versorging van die predikant / emeritus en sy gesin bydrae. Bydraes in hierdie verband word aan die Kerkraad van ..... betaal en die kassier sal dit aan die Kerkraad rapporteer, wat die verantwoordelike party is.

7.1.9 Indien daar enige addisionele ouditeurskoste of bankkoste is, kan die Kerkraad van ..... van die geld gebruik om die rekening te delg.

8. <u>Oordrag van Eiendomme/Bates</u>

8.1 Die eiendom en alle roerende en vaste bates van die Gereformeerde Kerk ....., sowel as gepaardgaande kontrakte, word na ontbinding die eiendom en/of verantwoordelikheid van die Gereformeerde Kerk .....

8.2 Die kerkgebou en erwe is na al die jare steeds in die naam van die Gereformeerde Kerk ....., sodat geen oordrag koste ter sprake is nie. Die Kerkraad van ..... het wel besluit dat die eiendom aan ..... behoort en hulle het dus die reg om te bepaal, hoe die geld aangewend moet word na die verkoop van die eiendomme.

8.3 Ook hierdie geld moet gevoeg word by die wat met ontbinding aan ..... oorgedra is vir die versorging van ds. ..... en sy gesin. Die geld uit die verkoop van eiendomme moet dus ook hanteer word kragtens punt 7 van hierdie akte.

8.4 Die Kerkraad van ..... kan besluit op ‘n billike en markverwante bedrag vir die verkoop van die eiendomme.

8.5 Geld ontvang uit die verhuring van die eiendomme kan gebruik word vir onderhoud of ander kostes i.v.m. die eiendomme, indien daar steeds surplus fondse is, moet die Kerkraad dit reken as deel van die geld vir die versorging van ds. ..... en sy gesin.

8.6 Die Kerkraad van ..... sou ook kon besluit om nie die eiendom te verkoop nie, omdat daar nuwe bedieningsmoontlikhede ontstaan het, dan kan die eiendomme onderhou word volgens bogenoemde bepalings.

9. <u>Finansiële aspekte en administrasie</u>

Die boeke van die Gereformeerde Kerk ..... sluit af op die dag van ontbinding. Die geouditeerde state sal op ‘n vergadering van die Gereformeerde Kerk ..... goedgekeur word. Alle dokumentasie van die gemeente sal aan die argief van die kerke in Potchefstroom gestuur word vir veilige bewaring en sal ook onder toesig van die Kerkraad van ..... afgehandel word.

10. <u>Kennisgewing van ontbinding</u>

Met die ontbinding sal die Kerkraad van ..... op ondergenoemde datum die nodige kennisgewing bedien aan die Klassis, die kerkrade van ..... en, die Administratiewe Buro (met die oog op die Almanak) en ds. ..... en sy gesin. Die Kerkraad sal die saak aan die kerkverband bekend maak via *Die Kerkblad*.

11. <u>Datum van ontbinding</u>

Die Gereformeerde Kerk ..... ontbind op ..... 20..

_____ _____

Voorsitter Skriba

Datum: _____